MEMORANDUM

1. Doel

Hierdie Wetsontwerp gee uitvoering aan die voorneme om die werksaamhede, ensovoorts, van openbare entiteite waar moontlik in ooreenstemming te bring. Die Vrystaatse Drankowerheid en die Vrystaatse Raad op Dobbel en Wedrenne is ablei regulerende owerhede. Hoewel die werksaamhede van die onderskeie nywerhede verskil, is daar vele ander gevalle waar 'n saamvoeging van die twee entiteite voordelig sal wees, byvoorbeeld die totstandbring van slegs een raad, byeenbring van nakomingskwessies wat verband hou met die polisie en inspekteurs en om die aanwending van beskikbare personeel te optimaliseer. Daarom maak die Wetsontwerp voorsiening vir die gekombineerde regulering van die dobbel- en drankbedrywe.

2. Hoofstuk-vir-hoofstuk verduideliking

2.1 Hoofstuk 1

Hoofstuk 1 sit die omskrywings, interpretasie, doelwitte en toepassing van die Wet uiteen. Aangesien vakkundige terme in sowel die drank- as dobbelbedrywe gebruik word, is dit belangrik dat gedetailleerde omskrywings en vertolkingsklousules voorsien word. Die doelwitte van die Wet is soos volg:

(1) met betrekking tot drank om -

(a) die sosio-ekonomiese en ander koste van alkoholmisbruik te verminder deur -

(i) belangrike nasionale norme en standaarde in die drankbedryf te implementer soos bepaal deur die Nasionale Drankwet;

(ii) die mikrovervaardiging en kleinhandel verkope van drank of brandspiritus te reguleer; en

(iii) voorsiening te maak vir openbare deelname in die oorweging van aansoeke vir registrasie; en

(b) die ontwikkeling van 'n verantwoordelike en volhoubare drankbedryf te bevorder op 'n wyse wat -

(i) intrede van nuwe deelnemers in die bedryf fasiliteer;

(ii) diversiteit van eienaarskap in die bedryf;

(iii) 'n etos van maatskaplike verantwoordelikheid in die bedryf; en

(iv) plaaslike toerisme en ekonomiese groei; en

(2) met betrekking tot dobbelary om -

(a) belangrike nasionale norme en standaarde in die drankbedryf te implementer soos bepaal deur die Nasionale Dobbelwet;

(b) te sorg dat -

(i) dobbelaktiwiteite doelmatig gereguleer, gelisensieer, beheer en polisieer word;

(ii) lede van die publiek wat deelneem in enige gelisensieerde dobbelaktiwiteit beskerm word;

(iii) die samelewing en die ekonomie beskerm word teen oorstimulering van die latente vraag na dobbelary; en

(iv) lisensiëring van dobbelaktiwiteite deursigtig, regverdig en billik is;

(c) inkomste vir die Provinsie te genereer.

2.2 Hoofstuk 2

Die hoofstuk stig die entiteit as 'n regspersoon. Dit maak voorsiening vir die raad waardeur die bestuur en beheer van die entiteit behartig sal word. Hierdie hoofstuk handel oor die samestelling, magte, funksies en geskiktheid van raadslede. Voorts bepaal dit die ampstermyn van hoogstens 3 jaar, hernubaar vir 'n verdere 2 jaar en maak ook voorsiening vir diensbeëindiging. Onder meer bemagtig dit die raad om personeel aan te stel, wat 'n toepaslik gekwalifiseerde hoof uitvoerende beampte en maatskappysekretaris moet insluit. Weens die belangrikheid van objektiwiteit van hierdie Owerheid, handel dit spesifiek met die vertrouensposisie van lede asook personeellede. Die finansiële bestuur van die raad is onderworpe aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die Ouditeur-Generaal word aangestel as eksterne ouditeur vir hierdie entiteit. Aangesien daar van die raad verwag kan word om gereeld te vergader, maak die Wetsontwerp voorsiening vir die aanstelling van komitees wat meer prakties mag wees as die byeenroep van die hele raad vir elke geval. Om voorts te verseker dat die raad die mag het om persone te ontbied om voor hulle te verskyn, reguleer artikel 20 sodanige magte en prosesse.

2.3 Hoofstuk 3

Hierdie hoofstuk het slegs betrekking op drank en brandspiritus en maak voorsiening vir die detail betreffende regulering van die drankbedryf. Hierdie regulering is soortgelyk aan die prosesse waarvoor voorsiening gemaak word in die Vrystaatse Drankwet, 2007.

2.3.1 Deel 1 van hierdie hoofstuk het betrekking op die beperking om mikrovervaardiging of verkope van drank en brandspiritus sonder registrasie te onderneem, asook as beperkings wat geplaas word op 'n registrant byvoorbeeld, die aktiwiteite wat sodanige persoon op die perseel mag uitvoer, kwessies wat verband hou met indiensneming, advertensie en voorsiening van drank aan minderjariges of skoolgaande leerders.

2.3.2 Deel 2 van hoofstuk 3 reguleer die registrasieproses. Dit bevat onder meer die voorwaardes van registrasie, die prosedure vir registrasie, die verslae wat nodig is vir registrasie en die proses oor hoe om besware te hanteer gedurende 'n registrasieproses. Verder sit dit uiteen hoe registrasie gekanselleer kan word en maak voorsiening daarvoor dat registrasie na 10 jaar sal verstryk.

2.3.3 Deel 3 maak voorsiening vir verskillende soorte registrasie en spesifieke voorwaardes van toepassing op sodanige soort registrasie, byvoorbeeld, klubs, tavernes, kroeg en drankwinkel. Dit sluit ook 'n bepaling in betreffende die regulering van tye van besigheid.

2.4 Hoofstuk 4

Hoofstuk 4 is van toepassing op dobbelary en maak voorsiening vir die detail oor regulering van die bedryf. Hierdie regulasie is soortgelyk aan die prosesse waarvoor voorsiening gemaak word in die Vrystaatse Wet op Dobbel en Wedrenne, 1996.

2.4.1 Deel 1 sit die bepalings uiteen betreffende lisensiering van dobbelary. Dit bepaal onder meer dat die raad kennis moet neem van die nasionale norme en standaarde en aanbevelings wat gedoen is deur die Nasionale Dobbel- en Weddenskapraad voordat 'n lisensie toegestaan word. Dit maak voorsiening vir die diskwalifisering van lisensies en soorte lisensies. Verder sit dit die aansoekprosedures uiteen wat openbare verhore, ondersoeke en polisieverslae insluit. Dit maak ook voorsiening vir die opskorting of terugtrekking van enige lisensie, asook die oordrag of wysiging van 'n lisensie.

2.4.2 Deel 2 maak voorsiening vir die voorwaardes wat van toepassing mag wees op 'n lisensie. Verder reguleer dit ook elektroniese moniteringstelsels vir dobbelmasjiene, die finansiële belang in 'n besigheid van 'n lisensiehouer, geskiktheid van derde partye, asook bepalings op die beheer van entiteite en die uitsluiting van persone. Verskeie ander bepalings wat betrekking het op krediet, reëls van speletjies, hulpverlening aan kliënte, hernuwing van lisensies is ook ingesluit.

2.4.3 Deel 3 reguleer werknemers van dobbelbesighede. Volgens hierdie deel, moet werknemers van dobbelbesighede oor sertifikate van goedkeuring beskik. Hierdie deel reguleer die diskwalifisering, die register van werknemers, die tydsduur van 'n sertifikaat, hernuwings, ens.

2.5 Hoofstuk 5

Hoofstuk 5 reguleer nakomingskwessies van beide drank en dobbelary. Dit maak voorsiening vir die aanwysing van polisiebeamptes en inspekteurs. Dit sit ook die bevoegdhede en funksies van die inspekteurs uiteen. Verder maak dit voorsiening vir die betreding van persele met of sonder 'n lasbrief. Dit maak ook verder voorsiening vir die raad om die Minister van Justisie te versoek om inspekteurs as vredesbeamptes aan te stel. Dit magtig verder die raad om nakomingskennisgewings en tussentydse bevele uit te reik indien dit nodig sou wees om deelnemers in die bedrywe te versoek om sekere versoeke na te kom.

2.6 Hoofstuk 6

2.6.1 In die lig daarvan dat verskeie vakkundige terme gebruik word en moontlik verwarring kan veroorsaak wanneer dit kom by vervolging, word dit nodig gevind om in detail voorsiening te maak vir sekere verbodsbepalings in deel 1 van hierdie hoofstuk.

2.6.2 Deel 2 reguleer die oortredings, strawwe, boetes en verbeurdverklarings. Dit bepaal onder meer dat 'n persoon wat skuldig bevind word aan 'n oortreding ingevolge hierdie Wet aanspreeklik word by skuldigbevinding vir 'n boete of gevangenisstraf wat nie 10 jaar oorskry nie, of aan beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf. Dit bepaal ook dat 'n hof wat enige persoon skuldig bevind aan so 'n oortreding kan verklaar dat enige opbrengs daaruit verbeur moet word. Verder kan die hof die lisensie of registasie wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is, kanselleer.

2.6.3 Deel 3 reguleer klagtes en bepaal dat 'n gegriefde persoon wat die verantwoordelike Lid kan oorreed dat hy of sy nie oor die nodige finansiële middele beskik om die Hooggeregshof te nader vir 'n hersieningsaansoek, 'n appél na die verantwoordelike Lid kan rig.

2.7 Hoofstuk 7

Hoofstuk 7 bemagtig die verantwoordelike Lid om regulasies uit te reik, wat regulasies insluit wat onderhewig is aan nasionale norme en standaarde wat betrekking het op internasionale sportgebeure. Dit bepaal ook dat sodanige reëls kan verskil van daardie reëls wat algemeen van toepassing is op aansoeke en registrasies ingevolge hierdie Wet en regulasies. Verder magtig dit die raad om reëls te maak wat nie onversoenbaar is met die bepalings van die Wet met betrekking tot die uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering van sy funksies.

2.8 Hoofstuk 8

Hoofstuk 8 maak voorsiening vir algemene bepalings, met inbegrip van die besluite van die raad ingevolge die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid en die herroeping van die Vrystaatse Wet op Dobbel en Wedrenne en die Vrystaatse Drankwet. Dit magtig ook die verantwoordelike Lid, hoof uitvoerende beampte en die raad om sekere bevoeghede te delegeer.

Ten slotte maak dit ook voorsiening vir oorgangsreëlings betreffende die oordrag van bates, regte, laste en verpligtinge, asook vir personeel. Dit maak verder voorsiening vir die voortsetting van regulasies, proklamasies en kennisgewings wat uitgereik is ingevolge verskeie stukke wetgewing, asook vir die voortsetting van lisensies en registrasies uitgereik ingevolge die onderskeie wette wat deur hierdie Wetsontwerp herroep is. Ten einde te verseker dat administratiewe aangeleenthede afgehandel kan word, maak dit ook voorsiening dat die verslaggewingsverantwoordelikhede van die rekenpligtige owerhede van die Vrystaatse Dobbel en Wedrenraad en die Vrystaatse Drankowerheid wat toe nog nie afgehandel gewees het tot die Wet in werking tree, uitgevoer kan word deur die raad wat deur hierdie Wet in die lewe geroep word.

Die laaste artikel in die Wet gee 'n uiteensetting van die kort titel van die Wet en die datum van inwerkingtreding daarvan.